BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# SALOMO SE MOOISTE LIED

# Deel 1 – Karaktereienskappe in Goddelike Verhoudings

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Waar of by wie het jy geleer hoe verhoudings werk? Wat was van die beste raad wat jy al oor verhoudings gekry het? Vertel meer.**

- **Wat dink jy maak verhoudings gekompliseerd of moeilik? Verduidelik. Wat maak verhoudings maklik en geseënd. Verduidelik.**

- **Dink jy die beginsels vir verhoudings lyk anders vir wanneer mense uitgaan en wanneer hulle getroud is? Verduidelik.**

**Lees weer deur Hooglied 1:1-2:7 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat dink jy van die stelling dat die vrou die "temperatuur" van die verhouding en 'n huis bepaal?**
- **In die preek is die volgende karaktereienskappe van 'n Goddelike man uitgelig. Indien jy 'n man is, watter van hierdie het vir jou uitgestaan? Aan watter wil jy nog werk?**
    1. *Hy het 'n Christelike karakter en goeie reputasie (Hoog 1:3)*
    2. *Hy heg waarde aan sy vrou (Hoog 1:9)*
    3. *Hy praat vriendelik met sy vrou (Hoog 1:10)*
    4. *Hy voorsien en bly toenadering soek (Hoog 1:11)*
    5. *Hy is delikaat met haar en skep 'n veilige plek vir haar (Hoog 1:14)*
    6. *Hy maak sy vrou beter (Hoog 2:1)*
    7. *Hy is konstant met sy woorde (Hoog 2:2)*
    8. *Hy laat sy vrou veilig voel (Hoog 2:3)*
    9. *Hy is trots op sy vrou in die openbaar (Hoog 2:4)*
    10. *Hy stel die seksuele standaard en tyd vir die verhouding (Hoog 1:17; 2:7)*

- **In die preek is die volgende karaktereienskappe van 'n Goddelike vrou uitgelig. Indien jy 'n vrou is, watter van hierdie het vir jou uitgestaan? Aan watter wil jy nog werk?**
    1. *Sy stel die temperatuur van die verhouding deur haar man uit te nooi om te lei deur haar onderdanigheid (Hoog 1:2)*
    2. *Sy respekteer en bemoedig haar man (Hoog 1:2)*
    3. *Sy is nederig, maar vol selfvertroue (Hoog 1:6)*
    4. *Sy is bereid om onder gesag te wees (Hoog 1:6)*
    5. *Sy is bereid om hard te werk (Hoog 1:6)*
    6. *Sy posisioneer haarself dat hy toenadering kan soek (Hoog 1:7)*
    7. *Sy is heilig en het standaarde (Hoog 1:7)*
    8. *Sy skep 'n veilige plek vir haar man om te wees en te lei (Hoog 1:14)*
    9. *Sy is aantreklik – fisies, geestelik en emosioneel (Hoog 1:15)*
    10. *Sy weet wat haar waarde is (Hoog 2:1)*

- **Indien jy 'n man is, watter van die eienskappe van 'n Goddelike vrou het vir jou uitgestaan? Verduidelik.**

- **Indien jy 'n vrou is, watter van die eienskappe van 'n Goddelike man het vir jou uitgestaan? Verduidelik.**

- **Dit is duidelik dat die volgorde van Goddelike verhoudings volgens God begin met die geestelike, dan die emosionele en dan eers die seksuele in die huwelik. Hoe het die wêreld hierdie volgorde verander? Wat is die gevolg daarvan?**

- **Hoe kan 'n mens dit regstel indien jou verhouding die verkeerde volgorde gevolg het?**

- **Indien jou verhouding nie is waar dit moet wees nie, wat kan jy begin doen; waarvoor kan jou groep vir jou bid; waarvoor kan jy die Here vertrou?**

- **Hoekom dink jy is dit 'n goeie ding om onsself te herinner waar ons was toe Christus ons nader getrek het en ons Christene geword het? Hoe het Hy ons liefgehad en hoe kan ons dieselfde in ons eie verhouding doen?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem ’n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit ’n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem ’n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**